
Helpmekaar Kollege

# NUUSBRIEF 18

19 Mei 2023



Week-program

# Mad Hatter Modeparade

"Vanaand se program is propvol
En groter as ‘n matriekjol.
Maak jouself gereed vir kamera, ligte, aksie,
En liplekker smaaklike satisfaksie.
‘n Heeeerlike ete vanuit Parys!
Dit is nou Parys in die Vrystaat en ons kry koshuis-kerrie-en-rys.
Maar nietemin,
ons het nou maar eers begin:
Dames en here, ek verwelkom graag op die verhoog –
Die maestro’s wat met materiaal kan toor – ‘n lus vir enige oog!
Ons ontwerpers wat kan toor met kant en sy.
Dames en here – ons eerste manekyne – kom gerus verby.
Neem foto's, laat die kameras kliek
Hierdie manekyne skitter en blink, hulle is stylvol, sierlik en sjiek.
Applous vir hierdie mooie modelle – modelle, modelle my ewige dank!
Ons eerste ontwerpers verskyn nou op die LOOPPLANK."

Blaai gerus deur die album






# Ontwerpers

JOSS
COUTURE & BRIDAL WEAR

G&L
Grace x Light

AP
ABOUT PRETTY

New Romantics
handle with flair

you me & three

Silver Swallow
BY JANA MEINTJIES

NM
NADIA MAY
bridal couture

lz.

# iwant
BY TRENDITY
EST 2018

B
BOETIEK THE LABEL

39dresses

Anél Botha
COUTURE

EUROSUIT

Kliek gerus op die ontwerpers se logo's om hul webtuistes te besoek

YIHAN BRÖNN COUTURE

juan william aria

CONTEMPORARY COUTURE

'n Spesiale woord van dank aan VICTORIA YARDS vir die fanstastiese venue en wonderlike diens.



# Wat weet jy?

Die Helpies het oudergewoonte flink gedink en op Donderdag, 18 Mei hul staal gewys in die jaarlikse Interhuis Algemene Kennis-kompetisie. Ná ‘n titaniese stryd tussen die onderskeie Huise, is die uitslae as volg:

**Junior-afdeling:**

1. Empire
2. Smuts
3. Melle

**Senior-afdeling:**

1. Melle
2. Smuts
3. Empire

**Algehele huiswenners:**

1. Melle
2. Smuts
3. Empire



*Gryp gou 'n stukkie papier en skryf net die letter van die korrekte antwoord by elke vraag neer...*

# *Algemene Kennistoets 2023*

**If you look at the people who have high impact, they have a pretty good general knowledge.**

**-Larry Page (mede-stigter van Google)**

















# Algemene Kennis – Antwoorde

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. D | 6. A | 11. D | 16. B | 21. B |
| 2. C | 7. D | 12. B | 17. D | 22. C |
| 3. C | 8. A | 13. C | 18. B | 23. D |
| 4. B | 9. B | 14. B | 19. A | 24. A |
| 5. C | 10. B | 15. C | 20. A | 25. C |



# Die bult is toe groter as die heuwel



*Ons het verlede naweek die Hoërskool Noordheuwel by ons op die bult verwelkom. Dit was 'n feestelike dag van meeding en mekaar ondersteun.*

*Baie geluk aan al ons spanne wat hul man gestaan het:*

*Eerstes: 42-32*
*Tweedes: 12-59*
*Derdes: 45-7*
*Vierdes: 0-12*
*o.16 A: 31-28*
*o.16 B: 15-0*

*o.15 A: 15-13*
*o.15 B: 37-5*
*o.15 C: 29-21*
*o.14 A: 5-16*
*o.14 B: 27-5*
*o.14 C: 22-10*






# Fietsry-voorvatters

*CycleLab Schools Cycling Captain's Evening* was 'n spesiale geleentheid waar die kapteine van alle deelnemende skole bekendgestel is.

Baie geluk aan **Erika van der Walt** en **Devon McGuire** en voorspoed vir die taak wat voorlê as Helpmekaar Kollege se Bergfiets-kapteine vir 2023.



# Goud vir Skuts

Ons Helpie-skuts het op Saterdag, 13 Mei weereens as die wenners uit die stryd getree by die boogskietkompetisie te Laerskool Randfontien. Ruben Theunissen (gr. 11) was ook die wenner van die seuns-afdeling.








Baie geluk aan die volgende Helpies wat verkies is tot die *Joburg Junior*-muurbalspan ( voorheen bekend as Sentraal-Gauteng) wat volgende maand aan die interprovinsiale toernooi gaan deelneem.

# *Muurbal*


Ettiene Schutte o.19


Doret Loubser o.19


Heinu v. Jaarsveldt o.16


Zuan Joubert o.14

Etienne Schutte het ook die prys gewen vir die beste sportsmangees en Juan Barradas is aangewys as die speler wat die meeste verbeter het gedurende die seisoen.


Juan Barradas gr. 9

# HOKKIE

Die o.16 A- en o.15 B-hokkiemeisies het op 16 Mei koning gekraai teen St Mary's 1-0.




## HELPIES VS HS LINDEN SATERDAG, 20 MEI



Chris de la Rey speel môre sy 150ste hokkiewedstryd vir Helpmekaar.

Kom ondersteun

# HELPIES VS HS LINDEN

## SATERDAG, 20 MEI

## DOGTERSHOKKIE @ WITS ASTRO

| | |
|---|---|
| 08:00 | o.14 A |
| 09:00 | o.15 A |
| 10:00 | Tweedes |
| 11:00 | o.16 A |

## SEUNSHOKKIE @ LINDEN ASTRO

| | |
|---|---|
| 08:00 | o.14 A |
| 09:00 | o.16 B vs o.15 A |
| 10:00 | o.16 A |
| 11:00 | Tweedes |
| 12:00 | Eerstes: Dogters |
| 13:30 | Eerstes: Seuns |

# Internasionale standaard

# vir DUITS

*Helpmekaar word amptelik 'n PASCH Skool, geaffilieer met die ZfA (Zentralstelle für das Auslandsschulwesen) en kan onder andere nou elke jaar die eksterne DSD- (Deutsches Sprachdiplom) eksamen aflê, waar leerders op internasionale B1-taalstandaard kwalifiseer.*

*Ter besoek was dr. Spanaus van die ZfA en Frau Vanselow van die Duitse ambassade.*





# Kom maak jou hart warm!

**Die termyn se kultuuraand sal die gehoor vermaak met sang, dans, orkes en verhoogvermaak. Ons eerste note val 18:30 en ons nooi ieder en elk uit om deel te wees van ons Helpie-talent! Die Skoolsaal is die plek om te wees, Donderdag, 25 Mei 2023.**

